Sondag, 4 Augustus 2024

**Teenoor òns liefde en trou soos ‘n môrewolkie en dou,**
**skenk God Sý troue liefde.**

*“Laat ons Hom ken, laat ons daarna streef om die Here te ken. So seker soos dagbreek is sy verskyning; Hy sal soos reën na ons toe kom, soos lentereën wat die grond deurnat maak.” “Wat moet Ek met jou doen, Efraim? Wat moet Ek met jou doen, Juda? Julle trou is soos 'n môrewolk, soos dou wat vroeg verdwyn.”*
(Hosea 6:3-4)

Hosea 5:15-6:6 kan as ‘n poëtiese dialoog gesien word tussen God en sy mense. Die gedeelte self bestaan uit drie spreekbeurte waarin die Here aankondig dat Hy hom van Israel gaan onttrek (5:15), Israel se poging tot hervorming (6:1-3) en die Here se reaksie daarop (6:4-6). Die inhoud van hierdie dialoog bevat verder ook verskeie metafore wat mens help om ontrouheid by die volk raak te sien. Die Here verwag van Israel “troue liefde” en “kennis van God”. Maar dit is nie by die volk te sien nie; húlle trou is soos ‘n morewolk en dou wat vroeg verdwyn.

God se reaksie in vers 4-6 wil dit laat voorkom of daar nie opregtheid is in die volk se terugkeer na die Here nie. Die volk is seker dat as hulle na God terugkeer, dat dit onmiddelike resultate sal toon. Dat God weer sal verskyn so seker soos dagbreek en soos vernuwend soos reën. Maar die Here se reaksie in vers 4-5 is nie wat die volk verwag het nie. Hulle het herstel en genesing verwag, dadelik. Terwyl die Here se koms ‘n geleentheid van oordeel is. God se koms is nie ‘n vanselfsprekende uitkoms van die skuldbelydenis-liturgie nie. So asof deur die regte ding te doen, vir ons, God outomaties sal optree nie. God vra nie dat ons in rituele vasgevang sal wees nie. God vra iets ánders…

Die Here sal hul gebede verhoor omdat Hy, anders as die volk se liefde, trou bly in Sy liefde aan die volk. Soos vers 4 (“*Wat moet ek met jou doen, Efraim*?”) herinner aan Hosea 11:8-11 (“*Hoe kan Ek jou prysgee, Efraim”?” … “My hart is diep ontroer in My, die deernis brand in My”*). En die lesers van destyds se profeteboek, en ons vandag, herinner aan die troue liefde van God. Egte, eerlike liefde.

**Ds. Janke Hurter.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, Tannie Magdaleen Venter; en die gesinsdiens in die saal deur dr. Martin Laubscher.
Ds. Jan Lubbe lei ‘n Nagmaalsdiens by Siësta.
Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die eredienste ‘n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet, en nog ‘n bietjie te kuier.

## <u>Liturgie</u>: Sondag, 4 Augustus 2024

| | |
|---|---|
| **Klokgelui** | |
| **Verwelkoming** | |
| **Aansteek van wydingskers** | |
| **Wydingslied:** | "Here Jesus, ons is saam" (Lied 157:1-2) |
| **Votum:** | Hosea 6 |
| **Seëngroet** | |
| **Loflied:** | "Bring lof aan die Vader" (Lied 205:1-3) |
| **Wet:** | Miga 6:8 |
| **Skuldbelydenis:** | Stilgebed |
| **Vryspraak:** | Hosea 11 |
| **Danklied:** | "Waar daar liefde is" (Lied 526 : Afr/Lat/Afr) |
| **Epiklesegebed** | |
| **Skriflesing:** | Hosea 5:15 – 6:6 |
| **Prediking** | |
| **Gebed ná die prediking** | |
| **Dankoffers** | |
| **Slotlied:** | "God is liefde! Juig ons harte" (Lied 334:1-4) |
| **Seenbede** | |
| **Amen** | |
| **Orrelnaspel** | |

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 4 Aug | 18:00 – Wyksbyeenkomste; sien binne vir meer inligting. |
| Donderdag, 8 Aug | 11:00 – Ds. Janke Hurter (Siësta-Biduur) |
| Sondag, 11 Aug | 09:30 – Ds. Johan Marais (slegs oggenddiens – Langnaweek) |
| Sondag, 18 Aug | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Nagmaal); gesinsdiens ds. Johan Marais |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Johan Marais (Pastorale Gesprek) |
| Sondag, 25 Aug | 09:30 – Ds. Jaco Thom; gesinsdiens; ds. Janke Hurter |
| | 18:00 – Jeugbyeenkoms: Bybelvasvra! |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 04 Aug | Lida du Plessis, Martinette Bekker, Nelize Geldenhuys, Marius Miennie, Pieter Muller, Mia Raath, Amos Saayman en Kobus van den Berg. |
| 05 Aug | DP Swart. |
| 06 Aug | Chené Claassens, Roelf Foord en Leana Wilken. |
| 07 Aug | Cyril Barnado, Tertia de Wet, Wouter Engelbrecht, Helen Syfert en Pieter Strauss. |
| 08 Aug | Marna Joubert, Alwyn le Roux, Kenzie Louw, Ellie Marais, Marilé Oberholzer, Maia Strauss en Arrie Weilbach. |
| 09 Aug | Marshé Louw, Nico Luwes, Yvonne Gouws, Marié Nieuwoudt, Annatjie v Wyk. |
| 10 Aug | Santie Kleynhans, Urban Uys, Reanda van Pletzen, Annanchia van Rooyen en Sunel van Rooyen. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Johanna van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15b); Marichen Pietersen (Serenitas 67; wyk 15b), Naas van Wyk (Wild Olive Heights 10, wyk 18b); Tannie Barbara Hensen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a); Lynette Venter-Hefer (Inneslaan 7c, wyk 19b); Amanda Windt (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a); Donnette Watkins (Serenitas 141a, wyk15b); Tannie Santie Kleynhans en Tannie Corrie Barnard (Siësta, Wyk 10); Gerda Snyders (Willowwood 1, Wyk18b) en Ida van Rensburg, vroeër van Winterstraat (Pretoria).
Ons dink ook aan ds. Johan Marais; hy herstel ná die operasie en is nog met verlof tot komende Donderdag, 8 Augustus.

Ons meelewing aan Nelia Oosthuysen (wyk 15a), Maryn en Carla Greyling (wyk 2a), Johan en Louise Cilliers en familie, by die heengaan van Tannie Rina Visser, hul moeder, ouma en suster. Ons bid jul die nabyheid van die Here toe.

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

**Wyksbyeenkomste vanmiddag en vanaand...**

| | |
|---|---|
| Wyk 9 & 10: | Siësta om 16:00 |
| Wyk 11 & 12: | Marius en Ellen-Anne Swart, Lillyvaleweg 4A, 18:00 |
| Wyk 15: | Serenitas Komiteekamer, 15:00 |
| Wyk 16: | Dave en Helena Samuel, Ouranos 1, 15:30 |
| Wyk 17: | Noorderbloem Komiteekamer, 16:00 o.l.v. ds. Jan Lubbe |
| Ander wyke: | Jeugkamer o.l.v. ds. Jan Lubbe, 18:00 |

## KERKRAADSAKE

<u>Vir Pastorale Sorg</u>:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Augustus sorg **Wyke 14** (Westdene) en **18** (Verre Noorde) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193). Dankie aan Wyke 11 & 12 vir Julie!

**Bestuursraad:** Maandag, 5 Augustus om 18:00
**Kerkraadsvergadering:** Sondagaand, 18 Augustus saam/direk ná die aanddiens.

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Bybelsondag, 25 Augustus 2024:** Soos elke jaar, vier ons weer die Bybel in Afrikaans...
Ons Seniorbediening kom reeds op Woensdag, 14 Augustus byeen (09:30) vir 'n baie interessante gesels en kuier oor Afrikaans as "Bybeltaal"...
'n Bybelvasvra vir die Kinders op Sondag, 25 Augustus – lees solank:

**Grade 5, 6 & 7:** 1 Samuel 3; 1 Konings 17 & 19; Jeremia 1; Jesaja 6 en Hosea 1.
**Grade 8, 9, 10 & 11:** Hosea 1, 2 en 3; 6:1-6; 8, 11 en 14

En spaar solank in die botteltjies of boksies R 55 om 1 Bybel te "borg" (SA Bybelgenootskap)

***Kerkbode*:** Daar is *Kerkbode* op die agterste tafel in die kerk te neem, lees, gesels saam, deel met ander of bring terug vir herverspreiding!

## BERG-EN-DAL KERMIS 2024 – VRYDAG, 13 SEPTEMBER




In vandag se Fokus is weer die bydraelys met alle besonderhede; neem gerus, beplan en laat weet hoe jy wil help – ons waardeer alle kontant, skenkings en hande!

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, <u>4 Augustus</u>: **Kinder- en Jeugsorgsentrum.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan